**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 SEPTEMBER 2025 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Kennis geneem van die verskonings ontvang vanaf rdh T van Essen en die Speaker, rdh M A Rangasamy.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 AUGUSTUS 2025**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Augustus 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende regstelling:

ITEM 3.1: MOONTLIKE IMPLEMENTERING VAN AARTO IN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Paragraaf 3.1(1): Lewering van verkeersdienste is 'n onderbefonds mandaat ...

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 10 SEPTEMBER 2025

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2/-3)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 AANSTELLING VAN LEDE OP DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL (3/2/4)

Die Munisipale Beplanningstribunaal is ingevolge Artikels 36 en 37 van SPLUMA saamgestel en bestaan uit x2 eksterne lede en x3 interne lede.

‘n Vakature, as eksterne lid, het op die Munisipale Beplanningstribunaal ontstaan en nominasies is vanaf die publiek aangevra om ‘n persoon met die nodige kundigheid op die Munisipale Beplanningstribunaal aan te stel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die nominasie van mnr Chris Rabie as eksterne lid tot die Munisipale Beplanningstribunaal aanvaar word;

(b) Dat me Christine Havenga as eksterne lid tot die Munisipale Beplanningstribunaal heraangestel word, vir ’n verdere termyn van 5 jaar;

(c) Dat die voorwaardes van aanstelling en vergoeding se status quo behou word;

7.1/...

(d) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: korporatiewe Dienste en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voortgaan om as interne lede op die Munisipale Beplanningstribunaal te dien;

(e) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die voorsitter is met die Direkteur: Korporatiewe Dienste as die ondervoorsitter;

(f) Dat die aanstelling van die lede van die Munisipale Beplanningstribunaal in terme van Artikel 82(11)c van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) deur die Munisipale Bestuurder in die Provinsiale Koerant bevestig word.

**7.2 VOORLEGGING VAN NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE GEHOU OP 27 MEI 2025 (5/15/1/3)**

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomiteevergadering gehou op 27 Mei 2025 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 27 Mei 2025;

(b) Dat kennis geneem dat me S Jones aangedui het dat sy teen die einde van die jaar gaan bedank;

(c) Dat verder kennis geneem word dat daar nie 'n nuwe lid in die plek van me Jones aangestel gaan word nie, omrede die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee steeds voldoen aan die minimum vereistes ten opsigte van die samestelling van die betrokke komitee.

**7.3 MENSLIKE HULPBRONNE: HERSIENING VAN ESSENSIëLE VOERTUIGSKEMA (4/2/6)**

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die Essensiële Voertuigskema hersien is om die onttrekking vanuit die skema deur amptenare prakties uitvoerbaar te maak en om die aksies voortspruitend te laat saamloop met die begrotingsproses.

Die hersiende Essensiële Voertuigskema is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die gewysigde Essensiële Voertuigskema Kontrak goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2025.

**7.4 HERNUWING VAN HUUR VAN GEBOU GELEë OP 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 3, PLAAS NR 771 (ROZENBURG PLAAS), MALMESBURY VANAF JR TRUST VIR KANTOORAKKOMMODASIE VIR DIE MUNISIPALE WETSTOEPASSING REAKSIE-EENHEID (12/1/2-8/8)**

Die hernuwing van die huurooreenkoms met JR Trust m.b.t. kantoorakkommodasie vir die Munisipale Wetstoepassing Reaksie-eenheid op Rozenburg Plaas is in Mei 2025 goedgekeur vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2028.

Die verhuurder het versoek dat die Munisipaliteit sal instaan vir die kostes van verbruik van dienste (water en elektrisiteit) indien dit 'n bedrag van R2 400,00 per maand oorskry.

7.4/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir hernuwing van die huurooreenkoms met JR Trust vir die huur van 'n gedeelte van Gedeelte 3 Plaas Nr. 771 (Rozenburg Plaas), ongeveer 350m² groot, vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang vanaf 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2028 as kantoor akkommodasie vir die Munisipale Wetstoepassing: Reaksie-eenheid;

(b) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R16 500.00 (7% eskalasie per jaar)(BTW ingesluit) asook betaling van diensfooie in terme van water- en elektrisiteitsverbruik indien dit 'n bedrag van R2 400.00 oorskry, onderworpe daaraan dat bewyse van die diensterekeninge voorsien sal word aan die munisipaliteit, vanuit posnommer 9/233-1336-3418 (Huur kantore: Reaksie-eenheid) aan JR Trust betaal word; en

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly.

**7.5 HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS: W DUCKITT & SONS CC: GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN PLAAS 577/8, DARLING (15/4/6)**

Die Munisipaliteit huur 'n gedeelte (groot ±300 m²) van die plaas, Oude Post, geleë in die omgewing van Darling waarop 'n kabelvrye netwerkstasie opgerig is.

Die verlenging van die huurooreenkoms is noodsaaklik vir die voortgesette verskaffing van Inligtings, Kommunikasie en Tegnologie-dienste in die betrokke area.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die hernuwing van die huurooreenkoms met W Duckitt & Seuns BK vir die huur van 'n gedeelte van die Restant van Gedeelte 8 van die Plaas Oude Post 577, ±300m² groot vir die voortgesette bedryf van die Munisipaliteit se kabelvrye netwerkstasie soos volg goedgekeur word:

  (i) 'n huurooreenkoms vir die tydperk 1 Oktober 2025 tot 30 September 2028 teen betaling van huurgeld van R2 610,62 plus BTW, per maand en wat jaarliks met 8% eskaleer, asook 'n opsie om verder te huur.

**7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2025 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat tydens die volgende begrotingsmodellering oorweging verleen sal word om die perk om as 'n deernishuishouding te kwalifiseer te verhoog, aangesien dit die ondervinding is dat baie huishoudings se inkomste slegs 'n paar rand bo die perk is. Dit sal meebring dat meer huishoudings gehelp sal kan word, eerder as om die deernissubsidie te verhoog.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2025.

**7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: 20 000-URE DIENS VAN VOLVO WHEELED LOADER, CK 35769 (8/1/B/2)**

Die laaigraaf (*Volvo Wheeled Loader*), CK 35769 is na Babcock (agent van Volvo) ingestuur vir die voertuig se 20 000-ure diens. Die uitgawe vir die diens beloop R38 005.05 (BTW uitgesluit)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die 20 000-ure diens van CK 35769 (*Volvo Wheeled Loader*) deur Babcock Equipment ten bedrae van R38 005.05 (BTW uitgesluit);

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Babcock Equipment die gemagtigde agent van Volvo-toerusting is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R38 005.05 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-12-2 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE MENGER BY DIE RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die behandelingsproses by die Riebeek Kasteel WWTW bestaan uit verskeie sones waar meganiese toerusting die vloei van gedeeltelik behandelde riool deur die sones verseker. Een van die mengers het onklaar geraak.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die menger by die Riebeek Kasteel WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R27 950.56 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
    (i) Die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
    (ii) Voormelde sou aanleiding gee 'n onderbreking in die behandelingsproses en skade aan meganiese toerusting;
    (iii) Die herstel van die menger is dus as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R27 950.56 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10/...

**7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: UITBREEK VAN AFRIKA-VARKGRIEP ONDER VARKE VAN KLEINBOERE (8/1/B/2)**

Gedurende Julie 2025 is verskeie gevalle van Afrika-Varkgriep deur Veeartseny- en Dieregesondheidsbeamptes onder die varke van die kleinboere bevestig. Die uitbraak het vinnig geëskaleer, wat gelei het tot die dood van talle varke en die verpligte uitwissing van besmette of blootgestelde diere om verdere verspreiding te voorkom.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat daar nog rekeninge te wagte is en dat die finale kostes aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die optrede deur die Munisipale Bestuurder gegewe die noodsituasie, wat die aanstelling van die DBV genoodsaak het om die noodgevalle te hanteer onder leiding van die staatsveearts;

(d) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures aangeteken word as ‘n noodgeval in die aanstelling van die DBV;

(e) Dat die uitgawe ten bedrae van ±R95 000.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/233-988-2176 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**